

"Jesus Christus is dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid."
(Hebr. 13:8)

OMSENDBRIEF

April 2018

Jubileum-uitgawe
1948 – 2018: 70 jaar van Israel
1958 – 2018: 60 jaar
Vrye-volkssending – Krefeld

Ek groet u heelhartig oral in die wêreld in die kosbare naam van ons Verlosser Jesus Christus, met Johannes 8:31:

"As julle in My Woord bly, is julle waarlik My dissipels ..."

Die profeet Miga het opgetree teen die 400 profete wat onder valse inspirasie geprofeteer het en het gesê: *"So waar as die HERE leef, voorwaar, wat die HERE vir my sê, dit sal ek spreek!"* (1Kon. 22:14).

Dit was ook my besluit van die begin af. Aan die einde van sy boodskap kon die man van God uitroep: *"Volke, luister almal saam!"* (1Kon. 22:28).

'n Ware stem roep ook vandag hardop: "Hoor dit, o mense uit alle volke!": "Van ewigheid tot ewigheid is U God" (Ps. 90: 2).

"Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie" (Luk. 21:33).

"... maar die woord van die HERE, bly tot in ewigheid. En dit is die woord wat aan julle verkondig is" (1Pet. 1:25).

Vir ons sal net dit van toepassing wees, wat in die "Woord van God" – in die Bybel – geskryf staan. Of dit nou die skeppingsberig of die plan van verlossing of alle leerstellinge betref, ons laat God self deur Sy Woord met ons praat. Interpretasies en teorieë laat ons oor aan diegene wat God nie glo nie. Ons sien reeds die eerste onderskeid tussen die realiteit van die skepping en die evolusieteorie. Wie nie glo wat in die eerste vers geskryf is nie, nl: *"in die begin het God die hemel en die aarde geskape"*, sal moeilikheid ondervind tot met die laaste vers van die Bybel. Dit wat in ewigheid was en in ewigheid bly, sal ons met die ewige God laat. Ons gaan terug na die aanvang van tyd en hoofsaaklik na die begin van die genade tyd.

Ons primêre oogmerk met hierdie daarlegging is, om kortliks lig te werp op die volgende tydperke:

Die oorgang vanaf die Ou na die Nuwe Verbond, na die Nuwe Testament.

Die stigting van die Gemeente van Jesus Christus en die apostels era.

Die eerste drie honderd jaar tot by die Raad van Nicaea.

Die duisend jaar van die donker Middeleeue tot die 14de eeu.

Die Reformasie en die 500 jaar daarna en wat eintlik gebeur het.

Die laaste boodskap wat nou uitgaan, voor die wederkoms van Christus.

Eerstens is dit baie belangrik om te weet en te glo **dat God alles doen volgens die beloftes** wat Hy in Sy Woord gemaak het. *"... maar julle moet erken met jul hele hart en met jul hele siel, dat nie een woord van al die goeie woorde wat die Here julle God oor julle gespreek het, onvervuld gebly het nie; alles het vir julle uitgekom, nie een woord daarvan het onvervuld gebly nie"* – Jos. 23:14. Wat die profete in die Ou Testament geproklameer het onder die inspirasie van die Heilige Gees, word aan ons, in vervulling, deur die apostels vanaf die eerste vers van die Nuwe Testament gewys. *"... want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle 'ja' en in Hom amen, tot verheerliking van God deur ons"* (2Kor. 1:20).

Die Oorgang van die Ou na die Nuwe Testament

"Die wet en die profete was tot op Johannes; van toe af word die evangelie van die koninkryk van God verkondig, en elkeen dring met geweld daarin" (Luk. 16:16).

"Luister! 'n Stem weerklink (oorspr.): Berei in die woestyn die weg van die HERE; maak gelyk in die wildernis 'n grootpad vir onse God!" (Jes. 40:3). Hierdie profesie was vervul deur die bediening van Johannes die Doper; soos dit bevestig word in Matthéüs 3:3, Markus 1:3, Lukas 3:4, Johannes 1:23. Die engel van die HERE het aan Sagaría die geboorte van Johannes die Doper aangekondig: *"... en hy sal vervul word met die Heilige Gees reeds van die skoot van sy moeder af. En hy sal baie van die kinders van Israel bekeer tot die HERE hulle God. En hy sal voor Hom uit gaan in die gees en die krag van Elia, om die harte van die vaders terug te bring tot die kinders, en die ongehoorsames tot die*

gesindheid van die regverdiges, om vir die HERE 'n toegeruste volk te berei" (Luk. 1: 15-17). Amen.

Na sy geboorte was Sagaría, sy vader, gevul met die Heilige Gees en het die profetiese woorde met betrekking tot die bediening van Johannes die Doper gesê: ***"... om barmhartigheid te bewys aan ons vaders en aan sy heilige verbond te dink... "*** (Luk. 1:72).

"... om kennis van saligheid aan sy volk te gee in die vergifnis van hulle sondes ..." (Luk. 1:77).

Die tweede belofte in die Ou Testament, wat op die bediening van Johannes die Doper betrekking het en in Maleági 3:1 geskryf staan, het die HERE self in Mattheús 11:10 en Lukas 7:27 bevestig: ***"Want dit is hy van wie daar geskryf is: Kyk, Ek stuur my boodskapper voor u aangesig, wat u weg voor U uit sal regmaak ..."***

Toe Johannes gevra was: *"Is u die Christus?"* het hy gesê: *"Nee". "Is u Elia?" "Nee". "Is u die Profeet?"* Hy het geantwoord: *"Nee"* (Joh. 1: 19-21). In vers 23 lees ons sy op die Skrif gebaseerde getuienis van wie hy was: ***"Toe antwoord hy: Ek is die stem van een wat roep in die woestyn: Maak die pad van die HERE reguit! soos Jesaja, die profeet, gesê het"*** (Jes. 40:3).

Johannes kon sy getroue toehoorders toeroep: ***"Ek doop julle wel met water tot bekering; maar Hy wat ná my kom, is sterker as ek, wie se skoene ek nie waardig is om aan te dra nie. Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur"*** (Matt. 3:11).

Deur die bediening van die beloofde voorganger was die harte van die Ou Testament vaders ***tot die geloof*** van die Nuwe Testament kinders terug gebring ***en vir die HERE was 'n goed toegeruste volk voorberei*** (Luk. 1:17). Dit was absoluut belangrik om die boodskap van die beloofde profeet te hoor, te glo en gedoop te word.

Jesus het die skrifgeleerdes en Fariseërs, wat die bediening van Johannes die Doper verwerp het, voor die volk bestraf en gesê: ***"Maar die Fariseërs en die wetsgeleerdes het die raad van God aangaande hulle verwerp deur hulle nie deur hom te laat doop nie"*** (Luk. 7:30).

'n Stem roep hardop uit: Dit was moontlik om die Torah te soen, om die heilige Skrif te lees, om te praat oor God se plan van verlossing, oor die koms van die Messias en Sy voorganger Elia (Matt. 17:10), om te preek, om die Psalms te sing, die Sabbat te hou en slagoffers te bring,

maar dan beide die voorganger en die Messias te verwerp en die dag van die genadige besoeking glad nie te erken nie (Luk. 19: 42-44). Die groot les daaruit is: Slegs diegene wat die boodskap van die voorganger geglo het en gedoop is, het die Messias erken en ontvang.

"Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet, om die wat onder die wet was, los te koop, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang. En omdat julle kinders is, het God die Gees van Sy Seun in julle harte uitgestuur en Hy roep: Abba, Vader!" (Gal. 4: 3-6).

Toe die belofte vanuit Sagaria 9:9 vervul is en die HERE op die vul van 'n esel Jerusalem binnegaan, het die gelowiges vreugdevol geskree: *"Geseënd is die Koning wat kom in die Naam van die HERE ..."*. Die geestelik blinde skrifgeleerdes wou dat hulle ophou met hul lofprysing (Luk. 19:39), maar die Verlosser antwoord hulle: *"Ek sê vir julle: as hulle swyg, sal die klippe uitroep"*. Toe kyk Hy oor Jerusalem en het met hartseer daaroor geween: *"En toe Hy naby kom en die stad sien, het Hy daaroor geween en gesê: As jy tog maar geweet het, ja, ook in hierdie dag van jou, die dinge wat jou vrede dien! Maar nou is dit vir jou oë bedek"*. Dit was gevolg deur die aankondiging van die oordeel: *"Want daar sal dae oor jou kom dat jou vyande 'n skans rondom jou sal opwerp en jou omsingel en van alle kante insluit. En hulle sal jou en jou kinders in jou teen die grond verpletter; en hulle sal in jou nie een klip op die ander laat bly nie, omdat jy die gunstige tyd toe God jou besoek het, nie opgemerk het nie"* (vv 41-44). In 70 nC vernietig die leër van die Romeinse generaal Titus Jerusalem en die tempel. Selfs nou is dit van die uiterste belang om deel te hê in wat God belowe het vir onse tyd.

'n Stem roep hardop uit: Sedert Adam en Eva het 4000 jaar verbygegaan, waarin die mens op die beloofde Verlosser, wat as die saad van God sou kom (Gen. 3:15), gewag het. Toe die tyd van vervulling gekom het, het die geestelike leiers en die mense wat hulle geglo het, nie die dag van die genadige besoek van God herken nie. Die godsdienstige leiers was blinde leiers van blindes wat die mense mislei het deur hul skrif-uitleggings en interpretasies. Van diegene wat nie in die Messias geglo het nie, was gesê: *"Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie"*. Maar van die gelowiges staan geskrywe: *"Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo"* (Joh. 1: 11-12). Amen. So was dit aan die begin. So was dit in elke kerkeu. So is dit vandag.

Die Fondament van die Gemeente van Jesus Christus in Jerusalem

Die stigting van die Gemeente het op bonatuurlike wyse gebeur, met die uitstorting van die Heilige Gees. In Handeling 1 word ons vertel dat die opgestane Verlosser veertig dae met Sy dissipels deurgebring het en met hulle gepraat het oor die koninkryk van God (vers 3). In vers 5 het Hy die belofte herhaal: "... *Want Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word, nie lank ná hierdie dae nie*".

In Lukas 24: 36-51 het die opgestane HERE Sy dissipels gewys watter Skrifte Hy uit die Ou Testament vervul het. Hy het hul geestelike verstand vir hulle oopgemaak, sodat hulle al die profesieë wat verwys na Sy lyding, Sy dood en Sy opstanding kon herken. Hy het vir hulle gesê: "*So is dit geskrywe, en so moes die Christus ly en op die derde dag uit die dode opstaan, en bekering en vergewing van sondes in sy Naam verkondig word aan al die nasies, van Jerusalem af en verder*" (verse 46-47) en geëindig met: "*En kyk, Ek stuur die belofte van my Vader op julle. Maar julle moet in die stad Jerusalem bly totdat julle toegerus is met krag uit die hoogte*" (vers 49). Daarna is Hy voor hulle oë in die hemel opgeneem (Luk. 24:51; Hand. 1:9).

Na die uitstorting van die Gees, kon die apostel Petrus op Pinksterdag getuig: "... *Maar dit is wat deur die profeet Joël gespreek is: En in die laaste dae, spreek God, sal Ek van my Gees uitstort op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, en julle jongelinge sal gesigte sien en julle ou mense sal drome droom*" (Hand. 2: 16-17).

Petrus het die eerste preek gelewer onder die direkte inspirasie van die Heilige Gees. Vanaf vers 37 tot 41 word ons vertel wat gebeur het toe die skare onder sy preek versamel was: "*Toe hulle dit hoor, is hulle diep in die hart getref en het vir Petrus en die ander apostels gesê: Wat moet ons doen, broeders? En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die HERE God na Hom sal roep*". Die prediking was eerste, gevolg deur die geloof van die hoorders en hulle gehoorsaamheid aan die doopsbevel. "*Die wat toe sy woord met blydskap aangeneem het, is gedoop; en daar is op dié dag omtrent drie-duisend siele toegebring*" (Hand. 2: 41).

'n Stem roep hardop uit: Hoor dit, alle nasies: Op Pinksterdag was die fundamentele preek gehou, wat oral in die apostoliese era gepreek was en vandag nog steeds geldig is in die Gemeente van Jesus Christus! Vanaf die eerste uur, vanaf die eerste dag van die Nuwe Testament, het alles wat aan die plan van verlossing behoort, soos voorspel in die Ou Testament, gebeur. Hierdie feit getuig Paulus in sy eerste brief: **"Paulus, 'n dienskneg van Jesus Christus, 'n geroepe apostel, afgesonder tot die evangelie van God – wat Hy tevore beloof het deur sy profete in die heilige Skrifte"** (Rom. 1 : 1-2). Amen.

In Samaria het die evangelis Filippus gepreek. **"Maar toe hulle Filippus geglo het, wat die evangelie aangaande die koninkryk van God en die Naam van Jesus Christus verkondig het, is hulle gedoop, manne sowel as vroue"** (Hand. 8:12). Die apostels van Jerusalem **"... het afgekom en vir hulle gebid dat hulle die Heilige Gees mag ontvang; want Hy het nog op niemand van hulle geval nie, maar hulle was net gedoop in die Naam van die HERE Jesus"** (verse 15-16).

In Handeling 10 verkondig Petrus die evangelie van Jesus Christus in die huis van Cornelius, die Romeinse hoofman oor honderd: **"En Hy het ons bevel gegee om aan die volk te verkondig en met krag te betuig dat dit Hy is wat deur God bestem is as Regter van lewende en dode. Aangaande Hom getuig al die profete dat elkeen wat in Hom glo, vergifnis van sondes deur sy Naam ontvang ... niemand kan tog die water weier, dat hierdie mense, wat net soos ons die Heilige Gees ontvang het, nie gedoop word nie? En hy het beveel dat hulle gedoop moet word in die naam van die HERE"** (Hand. 10: 42-48).

Toe Paulus aan die dissipels van Johannes in Ephesus gepreek het, lees ons in Handeling 19: 5-6: **"En toe hulle dit hoor, is hulle gedoop in die Naam van die Here Jesus. En Paulus het hulle die hande opgelê, en die Heilige Gees het op hulle gekom, en hulle het met tale gespreek en geprofeteer ... en God het buitengewone kragte deur die hande van Paulus gedoen"** (v. 11).

Solank die Gemeente van die HERE Jesus Christus op aarde is, sal wat Petrus gespreek het op Pinksterdag geld vir alle gelowiges wêreldwyd: **"Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die HERE onse God na Hom sal roep"** (Hand. 2:39).

'n Stem roep hardop uit: In die Gemeente van Jesus Christus, moet die eerste en laaste preek, die eerste en die laaste doop, presies dieselfde wees. Dit is die ewig-geldige patroon vir die verkondiging: geloof

- doop - doping met die Heilige Gees. Wat op die stigtingsdag van die Gemeente van die lewende God geleer en ervaar is, is die rigsnoer tot aan die einde van die Nuwe Testament.

Die apostel Paulus getuig van die Gemeente: dit is **"gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is"** (Efe. 2:20). **"En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus"** (Efe. 4: 11-12).

Aan Timótheüs skryf die apostel: **"Maar as ek vertoef, dan kan jy weet hoe iemand hom moet gedra in die huis van God, wat die Gemeente is van die lewende God, 'n pilaar en grondslag van die waarheid"** (1Tim. 3:15).

Die vroeë Gemeente was die liggaam van die HERE, waar God geopenbaar en hulle toegerus was met die krag van God, met geestelike gawes en verskeie bedieninge (1Kor. 12: 4-31) - deur geloof, doop en doping met die Heilige Gees, tot een liggaam saamgestel (verse 12-26) - net waar dit so is, geld die volgende vandag nog: **een HERE, een geloof, een doop** (Efe. 4: 3-5).

Met die wederkoms van Jesus Christus sal in die Gemeente vervul wees: **"... om dit te heilig nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord, sodat Hy die Gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets derglyks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees"** (Efe. 5: 26-27). Die verkondiging van die genade van God, van die verlossing, regverdiging en versoening met God, om te hoor, te glo en te ervaar, beteken: **"Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn"** (Rom. 5:9). In die Woord van God moet ons alles in plek laat - alle bybelse gelowiges aanvaar en doen dit - soos in die begin vasgelê was.

Die Tydperk tot die Raad van Nicaea

In die eerste sendbrief in Openbaring 2:2, prys die HERE Sy Gemeente:

"Ek ken jou werke en jou arbeid en jou lydsaamheid, en dat jy slegte mense nie kan verdra nie; en dat jy dié op die proef gestel het wat sê dat hulle apostels is, en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind het"

Paulus het in baie briewe, veral in sy vermaninge aan die Thessalonicense en aan Timótheüs, kommer uitgespreek dat die afvaligheid van die ware geloof sou kom. Die Apostel moes die Gemeente in Korinthe vermaan: *"Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, **julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus.***



Want as iemand kom en 'n ander Jesus verkondig as wat ons verkondig het, of as julle 'n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of 'n ander evangelie as wat julle aangeneem het, laat julle jul dit goed geval" (2Kor. 11: 3-4).

In Galasiërs 1: 6-8 spreek die apostel 'n vloek uit oor almal **wat 'n ander evangelie verkondig**: *"Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees!".* Die saak is baie, baie ernstig.

Soos die slang aan die begin van die natuurlike skepping in die Tuin van Eden twyfel gesaai het oor die Woord wat gesprek was deur die HERE God aan Adam, met die argument: *"... is dit ook so dat God gesê het ...?"*, En so ongeloof inderdaad ontstaan het en die verleiding van Eva moontlik geword het, so het dit gebeur na die afloop van die apostoliese tye, tot vandag toe: twyfel oor die Woord, ongeloof, ongehoorsaamheid, die sondeval van die kerk deur afvalligheid vanaf die Woord. Beide illustrasies is 'n goeie daarstelling vanuit die Tuin van Eden.

Die woord van God was in twyfel getrek, en eie interpretasies en leringe daargestel. Waar dit gebeur, is alle aanbidding tevergeefs, soos die HERE aan die Jode destyds gesê het: *"Tereg het Jesaja oor julle, geveinsdes, geprofeteer soos geskrywe is: **Hierdie volk eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af. Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is**"* (Mark. 7: 6-7). Selfs wat Jesus vir die skrifgeleerdes gesê het wat hul eie leerstellinge gehad het, geld vandag nog: *"Maar omdat ek die waarheid spreek, glo julle my nie ... die wat uit God is, luister na die woorde van God; daarom luister julle nie, omdat julle nie uit God is nie"* (Joh. 8: 45+47). Daar is nog steeds twee verskillende geestelike sade: *"En Hy het geantwoord en vir hulle gesê: Hy wat die goeie saad saai, is die Seun van die mens en die saailand is die wêreld. **Die goeie saad—dit is die kinders van die koninkryk, en die onkruid is die kinders van die Bose**"* (Matt. 13: 37-38).

Die waaragtige aanbidding van God kan slegs uit 'n hernude, reïne hart kom. Onse HERE het gesê: *"Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, **wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid. God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in die Gees en waarheid aanbid ...**"* (Joh. 4: 23-24). Wie nie aanbid soos deur die Gees gelei en volgens die Woord van God nie, bid verby God en nie aan Hom nie.

In 2Thessalonicense 2 was die uiteindelijke afval en die mens van sonde, reeds voorspel deur Paulus, *"die teenstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is"* (vers 4) *"... en met allerhande verleiding van ongeregtheid in die wat verlore gaan, **omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie. En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo**"* (vv 10-11). **Diegene wat nie die Woord van God respekteer en glo as die enigste geldige waarheid vir hulleself en vir die Gemeente nie, word veroordeel om godsdienstige leuens te glo.**

Die post-apostoliese gebeure is ongelooflik: manne wat nou vereer word as kerkvaders, het hul uit-die-heidendom-beïnvloede leerstellinge aangebied. Hulle was christelike persoonlikhede, maar nie apostels van Jesus Christus nie. Geeneen van hulle het 'n ware goddelike roeping gehad nie. Die bekendstes is Athanasius, Augustinus en Hieronymus. Hulle was vanuit die hellenistiese heidendom, waarvan baie nie eens 'n ware bekering tot Christus ervaar het nie en het hulself nog steeds in bygeloof bevind, toe hulle hul eie idees in die Christendom bring.

Sedert die jaar 313 nC, toe keiser Konstantyn amptelik die ingevoerde wêreldse Christendom as 'n staatsgodsdienst verklaar het, het 'n tragiese ontwikkeling plaasgevind. Van 20 tot 25 Julie 325 nC, het hy biskoppe van verskillende gelowe na die Raad van Nicaea genooi. In daardie tyd was daar reeds 127 christelike rigtings in die lande wat aan die Romeinse Ryk behoort het. Na hittige argumente en besprekinge is 'n volkome onbybelse Trinitariese geloofsbelydenis geformuleer onder die voorsitterskap van Athanasius, waarmee nie almal saamgestem het nie. Met verwysing na die Seun van God sê dit: "... en aan die enige **HERE** Jesus Christus, God se enigste Seun wat uit die Vader gebore is voor die hele wêreld, God vanuit God, lig vanuit die lig, ware God vanuit die ware God, gebore, nie geskape nie, een in wese met die Vader" – *Väter der Christenheit* (Vaders van die Christendom), bl. 40.

Tot op hede het God nie 'n ewige seun voortgebring nie, nog minder gebore. Daar was nooit 'n ewige seun gegee nie. In die 4000 jaar van die Ou Testament het geen profeet ooit gepraat van 'n Vader in die hemel, of selfs van 'n Seun nie, maar meer as vier duisend keer van die **HERE** God – Elohim-YAHWEH. In die apostels-briewe sien ons vanaf Romeine 1: "**Genade vir julle en vrede van God onse Vader en die **HERE** Jesus Christus**" (vers 7). Geen enkele keer word genoem: "... van God die Seun" of "... van God die Heilige Gees" nie. So gewis soos die ewige God Elohim Homself as **HERE/YAHWEH** geopenbaar en in sigbare vorm in die Tuin van Eden gewandel het en Adam na Sy beeld geskape is, so seker het dieselfde God Homself as Vader in die hemel in Sy enigebore Seun op aarde geopenbaar. Daarom kon die **HERE** Jesus sê: "*wie My gesien het, het die Vader gesien ...*" (Joh. 14:9). God het Homself in die vlees geopenbaar, om ons te verlos (1Tim. 3:16).

Die belofte van die Seun se geboorte as Verlosser, word in baie gedeeltes in die Ou Testament gevind. Sommige daarvan is:

"Ek sal vir hom 'n vader wees, en hy sal vir My 'n seun wees" (2Sam. 7:14).

*"Ek wil vertel van die besluit: Die **HERE** het aan My gesê: "U is my Seun, vandag het Ek self U gegeneer"* (Ps. 2:7). *"Ja, U is dit wat my uit die moederskoot uitgetrek het ..."* (Ps. 22: 10-11).

*"Hy is dit wat My sal noem: U is my Vader, my God en die rots van my heil! Ja, **Ék** sal Hom 'n eersgeborene maak, die hoogste onder die konings van die aarde"* (Ps. 89: 27-28). *"Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom **Immánuel** noem"* (Jes. 7:14).

"Want 'n kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors ..." (Jes. 9:5) – maar nêrens "Ewige Seun" nie!

"En jy, Bethlehem Éphrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in Israel sal wees ..." (Miga 5:1).

Toe die tyd vervul was, het dit gebeur. So skryf Matthéüs in die heel eerste hoofstuk van die Nuwe Testament: "**En dit het alles gebeur, sodat die woord vervul sou word wat die HERE deur die profeet gespreek het (Jes. 7:14): "Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar, en hulle sal hom Immánuel noem, dit is, as dit vertaal word: God met ons"** (Matt. 1: 22-23).

In Lukas 1 en 2, word alles presies aan ons beskryf, wat met die geboorte van die Seun van God saamval: "**En die engel sê vir haar: Moenie vrees nie, Maria, want jy het genade by God gevind. En kyk, jy sal swanger word en 'n seun baar, en jy moet hom Jesus noem (Hebreeus: Yahshua) ... Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die heilige wat gebore word, Seun van God genoem word ... En Maria het gesê: Hier is die diensmaagd van die HERE: Laat dit met my gaan volgens u woord"** (Luk. 1: 30-31, 35, 38).

'n Stem roep hardop uit: "Hoor dit, julle mense almal!" Dié is die uur van die waarheid! Wie 'n oor het om te hoor, laat hom hoor wat die Gees aan die Gemeente sê: Net wat in die Bybel staan, is bybels en net wat deur die apostels geleer en gepraktiseer was, is apostolies.

Die opstelling van die Trinitariese geloofsbelijdenis, wat verkeerdelik die "Apostoliese Geloofsbelijdenis" genoem word en in die jaar 325 nC in die Raad van Nicea asook in 381 nC in die Raad van Konstantinopel bevestig was, het niks in gemeen met **die eintlike bybels-apostoliese belydenis van die vroeë Gemeente** nie. In die Raad van Nicea was die Seun as die tweede, en in die Raad van Konstantinopel was die Heilige Gees as die derde persoon in die Godheid verklaar. Kort daarna, naamlik in die jaar 385 nC, het Hieronymus in sy Latynse Vulgaat-vertaling die volgende as 1Johannes 5 vers 7 bygevoeg: "Want daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een". Driehonderd jaar na die apostels, was daar nie veel van die leringe van die apostels wat oorgebly het nie.

In die oorspronklike Hebreeuse en Griekse teks staan in 1Johannes 5 vers 7 net: **"Daar is drie wat getuig ..."** dan volg: **"... die Gees, en die water en die bloed; en hierdie drie is eenstemmig.** As ons die getuienis van mense aanneem – die getuienis van God is groter, **omdat dit die getuienis is van God wat Hy aangaande sy Seun getuig het"** (verse 8+9; Matt. 3:17; Matt. 17:5). Die apostel Petrus kon getuig: **"En hierdie stem het ons uit die hemel hoor kom toe ons saam met Hom op die heilige berg was"** (2Pet. 1:18).

Martin Luther het die vertaling van die Vulgaat verwerp. John Wyclif het egter uit die Vulgaat in Engels vertaal, en derhalwe is van die toegevoegde teks nog in die King James Bybel. Alhoewel dit opgemerk word as 'n voetnota dat die teks van die **"drie in die hemel"** nie in die oorspronklike skrywes was nie, kan die byvoeging steeds gelees word in alle vertalings wat teruggaan na die Vulgaat. In die duitse uitgawes, bv. in die Zurich Bybel van 1535 of die Lutherse Bybel van 1543, vind ons tot vandag toe, God sy dank, die korrekte weergawe uit die oorspronklike teks.

Die Bybel bestaan uit twee testamente, die Ou en Nuwe Testament. Niks mag by 'n testament gevoeg word nie, niks kan daarin verander word nie. Die apostel Paulus skryf: **"Broeders, ek spreek menslikerwys: selfs 'n mens se testament wat bekragtig is, maak niemand tot niet of voeg daaraan toe nie"** (Gal. 3:15).

Aan die einde van die Nuwe Testament is daar in Openbaring 22 verse 18-19 die twee-voudige waarskuwing: **"Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plaë byvoeg, waarvan in hierdie boek geskrywe is. En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is"**.

Sedert die opkoms van christelike kerke in die vierde eeu is alle bybelse leerstellinge opsy gesit en van Jesus Christus, die Verlosser, is 'n netelige saak gemaak. Nie een van die raadsbesluite of van die dogmas wat in die loop van die kerkgeskiedenis geproklameer was, is bybels nie. **So weet die Bybel ook niks van 'n verteenwoordiger van Christus of opvolger van Petrus nie.** Die Katolieke Kerk het die woorde van Jesus in Matthéüs 16 vers 18 verkeerdelik as 'n pousdom geïnterpreteer. Die HERE Jesus het nie vir Petrus gesê: "Ek sal My Gemeente op jou bou nie",

maar "*op hierdie rots sal Ek My Gemeente bou*" – en die rots is Jesus Christus.

'n Stem roep hardop uit: **Hoor dit, alle nasies:** geen staats- of geen lands-kerke, is deur Christus, die Verlosser gebou nie, nie die Katolieke nie, nog minder die Ortodokse, die Koptiese, die Chaldeërse, die Siriese, of die Egiptiese kerk nie. Dit is almal christelike kerke, **maar nie die Gemeente van Jesus Christus nie.** Die Gemeente van Jesus Christus bestaan slegs uit bybelse gelowiges. Die waarheid is dat alle kerke, insluitend die Anglikaanse en Lutherse, hul lede die indruk gee dat hulle verlossing gewaarborg is. Tot op hede het geen kerk enigiemand salig gemaak nie. Maar almal van alle kerke en godsdienste kan deur geloof in Jesus Christus gered word deur 'n persoonlike saligheidservaring van bekering (Hand. 3:19).

Keisers, konings en heersers het die godsdienste van 'n land bepaal. So is die wêreld verdeel in godsdienste: hier Boeddhisme, daar Hindoeïsme en Shintoïsme; hier Sunnies, daar Sjiiëte, doer Aleviëte en Alawiëte; hier Katolieke, daar Protestante. In Asië en Afrika het stamhoofde die godsdienste bepaal. Maar God is nie in enige godsdienst nie, God het Homself slegs in Jesus Christus geopenbaar, en slegs in die Verlosser kan ons God ontmoet (2Kor. 5:19).

Die saligmakende geloof in Jesus Christus die Verlosser, word in die christelike kerke deur sakramente vervang, selfs al getuig die Bybel duidelik van die persoonlike geloof: "**Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word**" (Mark. 16:16). Volgens kerklike leringe lei die besprinkeling of gieting van water op die voorkop van babas of volwassenes tot wedergeboorte uit water en uit die Gees (Joh. 3:5), maar dit is in werklikheid glad nie so nie. Die besprinkeling gaan terug na Konstantyn, wie in die jaar 337 nC op sy sterfbed drie keer op die voorkop besprinkel was deur Biskop Eusebius, toe die Trinitariese formule "in die naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees", die eerste keer gebruik was. Daarom word daar gesê dat hy 'n Christen geword het, maar tot met sy einde het hy die songod Sol aangeroep.

Die Nagmaal word ook heeltemal verkeerd geïnterpreteer, hoewel dit duidelik in 1Korintiërs 10 verse 14-22 beskryf word: "**... Die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie gemeenskap met die liggaam van Christus nie?**"

Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood".

Van die verandering van die brood, of die wafel, na die liggaam van Christus of die wyn na die bloed van Christus, word absoluut niks van in die Woord van God gevind nie. Onse HERE het inteedeel gesê: "*Ek sal van nou af nooit meer van hierdie vrug van die wynstok drink nie, tot op daardie dag wanneer Ek dit met julle nuut sal drink in die koninkryk van my Vader*" (Matt. 26:29). 1Korinthiërs 11 verse 23-34 sê ook, "*Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die HERE totdat Hy kom*". Die Switserse hervormer Huldrych Zwingli het die broodveranderingslering verwerp en die bybelse standpunt duidelik gemaak: "**... en die Mis is basies niks anders nie as 'n verloëning van die een offer en lyding van Jesus Christus en 'n vervloekte afgodery**" (Heidelbergse Kategismus, vraag 80).

Christus word mos nie daagliks opnuut deur die priester geoffer nie, maar het self die eens-en-vir-altyd offer en die ewig-geldige verlossing volbring. Dit is wat in die Woord van God geskrywe is: "**Maar Christus ... het ... ook nie met die bloed van bokke en kalwers nie, maar met sy eie bloed, eenmaal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige verlossing teweeggebring**" (Heb. 9: 11-12). Amen.

"... hoeveel te meer sal die bloed van Christus, wat Homself deur die ewige Gees aan God sonder smet geoffer het, julle gewete reinig van dooie werke om die lewende God te dien" (Heb. 9:14).

"Deur hierdie wil is ons geheilig deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, net een maal" (Heb. 10:10). Amen.

Die Bybel ken ook geen salig- en heiligspreking van die dooies nie. In die Bergpredikasie (Matt. 5) het die HERE Jesus aan die lewende gelowiges nege saligsprekinge gegee; een daarvan is: "**Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien!**" ens. Op Sy ware volgelinge is steeds van toepassing vandag: "**Maar julle oë is gelukkig, omdat hulle sien; en julle ore, omdat hulle hoor**" (Matt. 13:16).

"Elkeen wat die Naam van die HERE aanroep, sal gered word" (Hand. 2:21).

"Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; Oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom regeer duisend jaar lank" (Openb. 20:6).

So word die maagd Maria, wie genade gevind het by God, deur haar geloofswil salig genoem, **"En salig is sy wat geglo het, want die dinge wat deur die HERE aan haar gesê is, sal vervul word"** (Luk. 1:45). Alhoewel sy gekies is om die Moeder van die Verlosser te wees, moes sy ook die geestesdoop op Pinksterdag beleef. In Handeling 1:14 word sy vir die laaste keer genoem saam met die 120 wat in die bo-vertrek versamel het vir gebed: **"Hulle almal het eendragtig volhard in gebed en smeking, saam met 'n aantal vroue en Maria, die moeder van Jesus, en met sy broers"**. Die term **"Moeder van God"** bestaan nie in die Bybel nie. Elizabeth het gesê: **"En wat het my oorgekom dat die moeder van my HERE na my toe kom?"** (Luk. 1:43).

Geen lering, geen handeling, niks in die staatskerke stem nog ooreen met God en God se Woord nie. Elke lering is gewysig en slegs met Bybel kwotasies versier. Daar is ook nêrens 'n verklaring soos: "Slegs diegene wat die Kerk as Moeder het, kan God as 'n Vader het". Die Bybel weet ook niks van 'n liggaamlike Hemelvaart van Maria nie, niks van Maria se verskynings nie; dit getuig intendeel: **"En niemand het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het, naamlik die Seun van die mens wat in die hemel is"** (Joh. 3:13). Die Bybel weet ook niks daarvan, **dat sy 'n middelaar is nie**. Daarin sê dit: **"Want daar is een God, en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus"** (1Tim. 2:5). Daar is ook geen sprake van Maria as **voorspraakmaker** nie, maar: **"My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, het ons 'n Voorspraak by die Vader: Jesus Christus, die Regverdige. En Hy is 'n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld"** (1Joh. 2: 1-2). Amen.

Die tragiese ontwikkeling het sedert die erkenning van die Christendom as staatskerk sy loop geneem. Met die bekendstelling van die Trinitariese leerstelling, word die woorde van die Sendingsbevel in Mattheus 28:19, wat handel oor die Nuwe Testamentiese verbondsnaam, waarin God Homself as Vader in die Seun en deur die Heilige Gees geopenbaar het, vasgestel as 'n formule waarin gedoop moet word: "... in die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees", wat heeltemal uitheems aan die Bybel is. Vir die Gemeente van Jesus Christus, geld selfs vandag nog: **"En wat julle ookal doen in woord of in daad, doen alles in die Naam van die HERE Jesus en dank God die Vader deur Hom"** (Kol. 3:17).



Die Jode word toe ook geforseer om die "**Drie-enigheid**" te erken. Maar hulle kon 'n drie-gestaltige God onmoontlik aanvaar, want die eerste gebod uit die mond van God lui: "**Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het. Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie. Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak ...**" (Ex. 20: 2-4). "**Daarom moet jy vandag weet en dit ter harte neem dat die HERE God is, bo in die hemel en onder op die aarde; daar is geen ander nie**" (Deut 4:39).

Met die trinitariese belydenis het ook die vervolging van die Jode begin. Hulle was vervloek en gebrandmerk as Christus- en Godsmoordenaars. "Laat hulle vergoed die gekruisigde se dood!", was luid verkondig. In 321 nC was hulle verbied om die Sabbat te hou, en dit was verorden dat hulle op Sondag moet aanbid; Sinagoges was omskep in veeskure.

Die hemelsbreë verskil tussen die Gemeente van Jesus Christus en die gevestigde staatskerk, word ook aangedui deur die volgende stelling, soos aangeteken in die kerkgeskiedenis: "**Die Pous en die keiser as draers van 'n christelike wêreldorde**" – *Große illustrierte Kirchen-geschichte* (Great Illustrated History of the Church), bl. 74. Dit sê verder op bladsy 94: "**Tot hierdie gesag (die Pous se gesag) is twee swaarde, die geestelike en die tydelike – soos die evangelie leer (Luk. 22:38). Albei swaarde behoort aan die volmag van die Kerk, die geestelike en die sekulêre. Maar die een is vir die Kerk en die ander om uit die Kerk te lei. Die een in die hande van die priester, die ander, van die konings en soldate, maar in opdrag van en met die verdraagsaamheid van die priester**".

Stel jou voor die totale misleiding: Die twee swaarde, wat 'n man by hom gedra het (Luk. 22: 36-38), wat genoem word in verband met die lyding van Christus, word as regverdiging vir mags-uitoefening gebruik.

Hoe is dit moontlik dat tot hierdie gevolgtrekking gekom is, dat die kerk twee swaarde, die geestelike en die sekulêre, gegee is? Die Verlosser self gee tog die konteks, deur die verklaring dat hy as 'n misdadiger gevonniss sal word: *"Want Ek sê vir julle dat dít wat geskrywe is, nog aan My vervul moet word: En Hy is saam met misdadigers gereken. Want ook aan die dinge wat betrekking het op My, kom daar 'n einde"* (vers 37).

"Die swaard van die Gees" was net as 'n versinnebeelding aan die Gemeente van Jesus Christus gegee, wat *die Woord van God* beteken: *"En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees — dit is die Woord van God"* (Efe. 6:17), maar nooit die wêreldse swaard nie! Die Gemeente van Jesus Christus het nog nooit andere vervolg nie, maar word self vervolg. Dit bewys die geskiedenis. Aan die apostels het die HERE gesê: *"Onthou die woord wat Ek vir julle gesê het: 'n Dienskneg is nie groter as sy heer nie. As hulle My vervolg het, sal hulle jul ook vervolg. As hulle My woord bewaar het, sal hulle jul woord ook bewaar"* (Joh. 15:20). Onse Verlosser het nog 'n gebod aan die Tien Gebooe bygevoeg: *"n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê"* (Joh. 13:34).

Met die twee-swaardverklaring het die Kerk die gebod: *"Jy mag nie doodslaan nie"*, kragteloos gemaak en **om dood te maak gewettig**. Die pouse het die sekulêre swaard gebruik en diegene wat nie hulself onderdanig gemaak het nie, is doodgemaak. Enigeen wat weet van die toespraak wat Pous Urban II in Clermont op 27 November 1095 gehou het, waarin hy die kruisvaarders versoek het om al die vyande dood te maak, kry 'n idee daarvan. Die Kruisvaarders was die vergifnis van hul sondes en die kwytskelding van hul oortredinge gewaarborg. Toe die weermag Jerusalem in 1099 binnegeval het, was tien duisende Jode, Moslems en andere vermoor. In die sewe kruistogte tussen 1095 en 1272 was dit miljoene. Dwang-kerstening, inkwisisies, vervolging van ander gelowe, hekse-verbranding, tot die moord op duisende Hugenote in Frankryk in een nag, nl., van 23 tot 24 Augustus 1572, het alles geskied "tot die heerlijkheid van die Heilige Drie-eenheid", "in die naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees".

'n Stem roep hardop uit: Te alle tye was daar ook geestelike ontwakings. Die ware bybelse gelowiges was altyd blootgestel aan vervolging deur die Kerk en dikwels is baie aan die dood prysgegee, of dit nou die Albisrieders, die Waldense, die Katare, die Boheemse broers of andere was. So was Jan Hus, aan wie die Woord van God besonder waardevol geword het, op 6 Julie 1415 op die brandstapel verbrand,

onder die gelag van die Raadsvaders. Die aardbodem was deurweek met die bloed van die martelare. Die skuld wat die Romeinse pouse hulself opgelaai het, is onvergelykbaar op aarde. *"En die bloed van die profete en heiliges is in haar gevind, en van almal wat op die aarde gedood is"* (Openb. 18:24). By die Laaste Oordeel sal hulle voor diegene veroordeel word, wat hulle massas-gewys vermoor het.

Deurbraak van die Reformasie

Na 'n duisend jaar van onbeperkte magsgebruik deur die kerk, was daar 'n geestelike vernuwing en terugkeer na die Bybel. Martin Luther, Huldrych Zwingli, Johannes Calvyn, Schwenckfeld, Erasmus, Thomas Muenzer, Melchior Hofman en andere, wat teen die Pous en die Kerk geprotesteer het, het gehelp met die deurbraak van die Reformasie. Die vasnaling van die 95 tesse op die Kasteelkerk in Wittenberg op 31 Oktober 1517 is algemeen bekend; so ook die verskyning van Luther op 17 April 1521 voor die Keiser en vorste in Worms. Sy toespraak is goed gedokumenteer: **"Tensy ek oortuig is deur die getuienis van die Skrif of deur duidelike rede – want ek vertrou nie, hetsy in die pous of in rade alleen nie, aangesien dit bekend is dat hulle dikwels fouteer en hulself weerspreek – bly ek gebind deur die Skrif wat ek aangehaal het en my gewete is geboei aan die Woord van God. Ek kan nie en sal niks herroep nie, want dit is nie veilig en nie reg om teen jou gewete te gaan nie. So help my God. Amen!"** – *Große illustrierte Kirchengeschichte* (Great Illustrated History of the Church), bl. 136.

Ongelukkig het die nuutgestigte kerke – die Lutherse, Gereformeerde, Anglikaanse – ook die Geloofsbelofte van Nicea opgeneem en het met hul kinderdoop en in die lering van die Drie-eenheid gebly tot vandag toe. Terselfdertyd was daar verdere herlewings, veral in die gebiede wat Protestants geword het, soos bv., die wederdopers.

In die geestelike vernuwing het die verkondigers van die evangelie van Jesus Christus toenemend die bybelse waarhede beklemtoon. Verlossing en vergifnis deur die offerbloed van Christus is voor alle dinge gepreek; bekering het oral plaasgevind. John Smith, die stigter van die Baptiste, John Wesley, deur wie die Metodiste ontstaan het, Menno Simons, deur wie se verkondiging die Mennoniete na vore gekom het, William Booth, die stigter van die Heilsleër, Dwight Moody, George Müller en vele ander, het die evangelie verkondig deur berou en bekering tot Christus as 'n persoonlike ervaring van verlossing te beklemtoon.

Die woord van Romeine 5:9 was nie net vir Luther nie, maar vir alle verkondigers van die evangelie belangrik: *"Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn"* – **regverdiging voor God** word nie verkry deur eie werke nie, maar **deur geloof in die volbragte verlossing deur Jesus Christus**.

Dit kan gesê word dat die 500 jaar sedert die Reformasie gebruik was deur die herlewingspredikers om die gelowiges dieper in die Woord van God en in 'n God-toegewyde lewe te lei. Ware geloof kom altyd uit die prediking van die Woord van God (Rom. 10:17). Van Abraham, wat beskou word as die vader van geloof, was alreeds geskryf: ***"Abraham het in God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken"*** (Rom. 4:3; Heb. 11: 8-10). God alleen is waar; elke mens 'n leuenaar (Rom. 3:4).

Duisende artikels is geskryf met die 500ste herdenking van die Reformasie in 2017, met honderde gebeurtenisse wat plaasvind. Maar by nadere ondersoek het al die kerke gebly by wat hulle by hul stigting as geloofsbelydenis vasgelê het. Nou, ten spyte van al die verskille, keer die dogterkerke terug na die skoot van die Moederkerk. Dit is die 'Eenheid in Diversiteit'. Jesus, die Verlosser bedoel egter 'n heel ander eenheid, nl., 'n eenheid met God in ooreenstemming met die Woord en die wil van God: ***"Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees; en dat die wêreld kan weet dat U My gestuur het, en hulle liefgehad het net soos U My liefgehad het"*** (Joh. 17:23).

Die laaste Boodskap voor die Wederkoms van Christus

'n Stem roep hardop uit: Hoor dit, julle volkere almal! Aan die begin van die twintigste eeu het 'n Pinksterherlewing uitgebreek met die uitstorting van die Heilige Gees. In 1906 het gelowiges op elke kontinent, nie net in Asuza-straat, Los Angeles nie, in besonderse gebedsbyeenkomste, die bonatuurlike werking van die Heilige Gees ervaar.

Tydens die Eerste en Tweede Wêreldoorloë is die Woorde van die HERE in Mattheüs 24 'n besondere betekenis gegee. Jesus het gepraat oor die tekens van die tye, van oorloë en gerugte van oorloë, van hongersnode en swaar tye. Om hierdie rede het mense in die herlewingsbyeenkomste in die eerste helfte van die twintigste eeu, geglo in die naderende wederkoms van Christus. In Lukas 21 het die HERE ook van die einde van die tyd gepraat en gesê: ***"So moet julle ook weet dat die koninkryk van God naby is wanneer julle hierdie dinge sien gebeur"*** (vers 31);

"Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan" (vers 36).

Die Tweede Wêreldoorlog, met sy 60 miljoen oorlogslagoffers en 6 miljoen vermoorde Jode, het die wêreld fundamenteel verander. Duitsland en Europa was in puin. Die gevolge van die oorlog was oor die hele wêreld gevoel, selfs in die Stille Oseaan, waar dit tot 'n einde gebring is deur die verskriklike atoombomme oor Hiroshima en Nagasaki. Alle Bybel-gelowiges het die indruk gehad dat die einde van die tyd van genade naby gekom het. Maar onse HERE het duidelik gesê wat moet gebeur voor die einde kom: ***"En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom"*** (Matt. 24:14).

Kort na die Tweede Wêreldoorlog, op 7 Mei 1946, het die Amerikaanse Baptiste-prediker William Branham, soos Paulus (Hand. 9: 1-9), 'n hemelse roeping ontvang. Die eenvoudige prediker het op 11 Junie 1933 in die Ohio-rivier gedoop, toe hy vanuit 'n bonatuurlike lig, wat sigbaar was vir die ongeveer 3000 aanwesiges, toegeroep word: ***"Soos Johannes die Doper gestuur was as voorganger van die eerste koms van Christus, so sal die boodskap wat aan jou gegee is, die Wederkoms van Christus vooruitgaan"***. Verskeie koerante, veral die "United Press International", het daarvoor berig. Deur hom het die genesings-herlewing begin, veral binne die Pinkster-gemeentes, en het gou oor die hele aarde versprei. ***Hy was 'n man wat van God gestuur was met die boodskap van die Woord van God, wat die tweede koms van Christus voorafgaan.*** Toegerus met goddelike gesag en die gawe van genesing, het hy in veldtogte gepreek aan duisende mense, sondaars tot berou geroep om Jesus Christus as Verlosser aan te neem. Deur sy prediking het duisende Jesus Christus as Verlosser aanvaar. In die gebed vir die siekes, na die preek, het selfs die blindes gesien, die verlamdes kon loop en baie is genees van allerhande kranklikhede.

Ek het vanaf 1955 tot 1965 sy buitengewone bediening ervaar as 'n oog- en oorgetuie, en ek het 'n groot verantwoordelikheid om dit wat God gedoen het, aan die hele wêreld te getuig. As 'n jong man het ek in 1949 vir die eerste keer gehoor van William Branham en die buitengewone dinge wat in sy bediening gebeur het. Die wens het toe in my ontstaan om hierdie man van God persoonlik te hoor. In Augustus 1955 is my wens toe vervul: ek het die geseënde byeenkomste van Broer Branham in Karlsruhe belewe en hom persoonlik leer ken. Toe hy my

groet, het hy vir my gesê: "Jy is 'n prediker van die evangelie". Van toe af wou ek weet wat hierdie man van God glo en leer. In Junie 1958, tydens die groot "Voice of Healing" konferensie in Dallas, Texas, in die VSA, was ek weer opnuut oortuig van die goddelike bevestiging van sy bediening en kon ek weer met hom praat. Hy het toe vir my gesê: "Broer Frank, jy sal terugkeer na Duitsland met hierdie boodskap". Van toe af het ek sy preke op band ontvang. Met ons derde ontmoeting op 3 Desember 1962 het Broer Branham my roeping van 2 April 1962 bevestig en gesê: "... die voedsel wat gestoor moet word, is die beloofde Woord vir hierdie tyd".

Die verlossing van die siel en die genesing van die liggaam is deel van die verkondiging van die volle evangelie, soos die HERE in die sendingbevel gesê het: *"En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg; In my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek ... op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word"* (Mark. 16: 17-18). Deur vir die siekes te bid, het die man van God ook verwys na die woorde van ons HERE in Johannes 14:12: ***"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo — die werke wat ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit"***.

Vandag hoor ons van oorloë, kernbom-bedreigings, die konflik in die Midde-Ooste, aardverwarming, klimaatsverandering, wêreldwye natuur-rampe. Alles raak buite beheer. Terselfdertyd onthou ons ook die woorde van die profeet Jesaja, wat vooruit gesê het: *"... die aarde word geheel en al geskud. Die aarde waggel geheel en al soos 'n dronkaard, en swaai heen en weer soos 'n naghut; en sy oortreding is swaar op hom; en hy sal val en nie weer opstaan nie"* (Jes. 24: 19b-20). Ons sien die tekens van die tye: Die eindtyd is hier, Sy koms is naby! Niemand ken egter die dag en uur daarvan nie.

Die beloofde wederkoms van Christus word in baie bybel-gedeeltes aan ons beskryf. Die Verlosser het self die hoofbelofte in Johannes 14:3 gegee: ***"... en as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is"***. Al die seuns en dogters van God kan staatmaak op God se beloftes. ***"... so sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid"*** (Heb. 9:28).

'n Stem roep hardop uit: Hoor dit, julle volkere almal: Meer as 100 profesieë uit die Ou Testament is vervul by Christus se eerste koms.

Die bonatuurlike het geskied. Die HERE Jesus het gepreek, geleer en al die siekes genees wat na Hom gekom het. **"En groot menigtes het Hom gevolg, en Hy het hulle almal gesond gemaak"** (Matt. 12:15b). Om ons voorbereiding werklik te ervaar, moet ons die belofte vir ons tyd respekteer en glo: **"Kyk, Ek stuur julle die profeet Elia voordat die groot en vreeslike dag van die HERE aanbreek"** (Mal. 4:5). Onse HERE het dit bevestigend herhaal: **"Dis waar, Elia kom eers en sal alles herstel"** (Matt. 17:11; Mk 9:12). Dit is die belangrikste belofte wat voor die wederkoms van Christus vervul word. Net soos Elia die volk van Israel op die berg Karmel gevra het om 'n besluit te neem, word almal nou wat aan die Gemeente van God behoort, gevra om hul besluit te neem.

Voor die wederkoms van Christus moet alles in die HERE se Gemeente herstel word tot die oorspronklike staat (Hand. 3: 18-21). Of dit nou betref die persoonlike lewe, die huwelik, die gesin of die geestelike lewe van die Gemeente, alles moet teruggebring word na die goddelike orde, soos dit in die Bybel vasgelê is. So moet elke gelowige sonder innerlike weerstand homself aan die kant van God skaar (1Kon. 18: 21-39). Alle gelowiges wat deel uitmaak van die Gemeente van die lewende God, keer een honderd persent terug na God, na die Woord en wil van God, na die leringe en praktyke van die oorspronklike Gemeente in die begin.

Diegene wat genade by God gevind het, het te alle tye elke Woord van God geglo. Vir die afgelope 500 jaar was daar ook altyd mense wat geglo het in die boodskap wat in hul tyd geproklameer was. Dit was dieselfde met die Pinkster-herlewing. Almal wat genade by God vind, glo nou die oorspronklike bybelse boodskap.

Dit gaan nou nie meer oor wat in die gesamentlike Christendom geformuleer was nie, nie oor wat ietwat gekorrigeer is deur die Pinkster-beweging nie, dit gaan nou daarom, dat alle bybelse gelowiges die volle herstelling ervaar en op die oorspronklike fondasie gebou word. Diegene wat werklik God se Woord nou glo, bly nie in die Babelse verwarring nie, maar word geheilig deur die Woord van die waarheid: **"Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid"** (Joh. 17:17).

Ons het in die belangrikste tydperk van die heilsgeskiedenis aangekom: die beloofde wederkoms van Christus is op hande. Hoeveel ernstiger moet ons dit neem wat onse HERE gesê het: **"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie"** (Joh. 3:3). Dit moet alreeds duidelik wees: Net die verlostes, wat persoonlik vergifnis deur die bloed

van die Nuwe Testament ervaar, en die nuwe, goddelike lewe deur wedergeboorte ontvang, sal in die wegraping wees. Die apostel Petrus beskryf die reddingservaring van die wedergeboorte soos volg: **"... want julle is nie wedergebore uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende Woord van God wat tot in ewigheid bly"** (1Pet. 1:23; Luk. 8:11).

Die wederkoms van die Verlosser was een van die belangrikste onderwerpe in die tyd van die apostels. Daar is baie gedeeltes in die Bybel ter staving daarvan. In 1Thessalonicense 4 verse 13-18 beskryf Paulus presies wat en hoe dit sal gebeur. Aan die einde van die vyfde hoofstuk skryf hy: **"En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse HERE Jesus Christus"** (vers 23).

Onse HERE en Saligmaker het homself beskryf as 'n bruidegom en het dikwels van 'n bruilofsfees gepraat. Wie tot die Bruid-gemeente behoort, neem die beloofde Woord vir hierdie tyd aan en hoor die groep, **"Daar kom die bruidegom!"** (Matt. 25) en laat hulself voorberei word vir daardie glorieryke dag. In Matthéüs 25:10 word vooruitgesê: **"... en die (maagde) wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof, en die deur is gesluit"**. In Openbaring 19:7 lees ons: **"Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak"**.

Die HERE het vir die verlostes 'n plek voorberei: **"En daarin sal nie inkom iets wat verontreinig en gruwelikheid en leuens doen nie; maar net die wat geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam"** (Openb. 21:27).

'n Stem roep hardop uit: Hoor dit, julle volkere almal: Die Goddelike boodskap gaan nou uit as die laaste oproep voor die wederkoms van Christus. **"En watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode? Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die HERE; en raak nie aan wat onrein is nie; en Ek sal julle aanneem; en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die HERE, die Almagtige"** (2Kor. 6: 16-18).

Nou is dit die tyd waarin ons uit alles geroep word wat verkeerd is – uit alle onbybelse tradisies. Nou is dit die tyd van voorbereiding, die tyd om net te glo wat die Skrif sê. Nou moet alle bybelse gelowiges, soos in die begin, deur onderdompeling in die Naam van die HERE Jesus Christus gedoop word. Geen gelowige moet die verlossingsraad van God, soos die skrifgeleerdes destyds, verwerp nie (Luk. 7:30).

Aangaande die bediening van Johannes die Doper het ons HERE die skare gevra: *"Wat het julle uitgegaan om in die woestyn te aanskou? 'n Riet wat deur die wind beweeg word?"* Hy het nog 'n keer gevra: *"Maar wat het julle uitgegaan om te sien? 'n Man met sagte klere aan? ... 'n Profeet? Ja, Ek sê vir julle, ook baie meer as 'n profeet! Want dit is hy van wie daar geskryf is: **Kyk, Ek stuur my boodskapper voor u aangesig, wat u weg voor U uit sal regmaak**"* (Matt. 11: 7-10). Al die profete het tot op Johannes geprofeteer (vers 13), van toe af word die koninkryk van God verkondig.

Wat het ons uitgegaan om te sien? 'n Welstandsprediker, 'n charismatiese televisie persoonlikheid? Nee en nogmaals nee. Ons besef nou dat na 2000 jaar die hele raad van God weer verkondig was deur die God-gestuurde man, William Branham (Hand. 20:27). Ons is uitverkies om weer die oorspronklike boodskap uit 'n geroepene se mond te hoor; 'n man wat op die Sunset-gebergtes, 40 myl vanaf Tucson, Arizona, in die VSA, uit 'n bonatuurlike wolk 'n direkte opdrag op 28 Februarie 1963 gekry het om die 7 seëls van Openbaring by sy plaaslike gemeente in Jeffersonville te preek. Dit het hy van 17-24 Maart 1963 gedoen. Die Amerikaanse tydskrif "Science" het die foto van die wolk op 19 April en die "Life" tydskrif op 17 Mei, 1963 gepubliseer. Nie net die sewe seëls nie, maar alle verborge geheimenisse, elke lering – oor die Godheid, die doop, die nagmaal, ens. – alles is aan ons verkondig, soos die Bybel ons oorspronklik leer. Hoewel die profeet heengegaan het in Desember 1965, het die boodskap by ons gebly en word nou oor die hele wêreld uitgedra.

Die Gemeente van God is weer die pilaar en grondslag van die waarheid, nie 'n godsdienstige gebou van leuens nie. In die Gemeente van Jesus Christus bestaan daar geen interpretasies nie, geen wanleringe nie. Deur die laaste boodskap, wat een honderd persent ooreenstem met die boodskap aan die begin, word die Gemeente gebou op die oorspronklike fondasie. Die werklik-bybelse gelowiges word die

seël van God belowe as 'n bevestiging: ***"In wie julle ook, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat julle ook geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte"*** (Efe. 1:13). Voor dit kan gebeur, moet hulle almal uit die verwarring van interpretasies uitkom, want God sal Sy seël net op die suiwer Woord-bruid plaas.

Sedert my direkte roeping op 2 April 1962, het ek die Woord van God, die volle Evangelie, die reïne boodskap vir hierdie tyd, regoor die wêreld verkondig en die geestelike voedsel uitgedeel (Matt. 24: 45-47). Nadat ek kon preek in Koeweit en Bahrain in November 2017, is daar nou presies 165 lande wat ek besoek het op my maandelikse sending-reise oor die afgelope 55 jare. Ek het in die groot stede soos Moskou en Beijing, Damaskus en Kaïro, sowel as baie ander stede oor die hele aarde gepreek.

Selfs deur die 30-minute televisieprogramme wat in Engels deur 56 televisie-stasies uitgesaai word, het miljoene wêreldwyd God se hele raadsbesluite beleef. In verskeie lande word my preke uitgesaai deur plaaslike televisie-stasies.

Ons maandelikse byeenkomste by die Sending-sentrum in Krefeld, elke eerste naweek, word deur duisende regoor die wêreld gehoor en gesien, óf regstreeks oor die internet, óf op CD of DVD wat ons gratis uitstuur. God het seker gemaak dat die preke op elke eerste naweek hier in die Sending-sentrum gelyktydig in 15 tale vertaal word en dat die boodskap wat die tweede koms van Christus voorafgaan, verder in alle tale van die aarde vertaal word.

Wat God tans doen, is uniek op aarde. So word die ewige evangelie aan alle volke en tale as die laaste boodskap verkondig (Openb. 14:6, Matt. 24:14). Alle ware bybelse gelowiges weet dat die eindtyd hier is, dat Sy koms naby is. Hulle hoor wat die Gees aan die Gemeente deur die geopenbaarde Woord sê, en berei hulleself voor vir die glorieryke dag van die wegraping.

Ek kan voor God getuig, soos Miga in ons inleidingswoord gesê het, dat ons net oorgedra het wat die HERE aan ons in Sy Woord nagelaat het.

Die HERE het gesê: ***"Kyk, Ek kom gou!"*** En al die ware verlostes roep hardop: ***"Amen, ja kom, HERE Jesus!"*** (Openb. 22).

Jerusalem – 'n Baie Swaar Klip Israel 1948 - 2018

'n Stem roep hardop uit: Hoor dit, julle volkere almal: *"En in dié dag maak Ek Jerusalem tot 'n baie swaar klip vir al die volke: elkeen wat dit optel, sal hom daarmee sekerlik seermaak; en al die nasies van die aarde sal daarteen vergader word"* (Sag. 12:3).

Met die amptelike erkenning van Jerusalem as die hoofstad van Israel en sy aankondiging om die Amerikaanse ambassade daarheen te verskuif, het die Amerikaanse president, Donald Trump, op 6 Desember 2017 die 'steen-des-aanstoots' losgemaak. Net 'n paar dae later het die Verenigde Nasies se Algemene Vergadering 'n resoluëie aangeneem waarin die Verenigde State versoek word om hul erkenning van Jerusalem, as Israeliese hoofstad, terug te trek. Die versoek is deur Turkye en Jemen ingedien. Onder die 128 state wat daarvoor gestem het, is Saoedi-Arabië, Egipte en Koeweit, asook Duitsland, Frankryk en Groot-Brittanje.

Alle politici en leiers moet na die geskiedenis kyk: Abraham het toe al saam met Isak na die berg Moria gegaan om 'n persoonlike offer aan God te maak (Gen. 22). Dit is die tempelberg in Jerusalem. Jerusalem word 780 keer in die Bybel genoem.

Dawid het die plek van die Jebusiet Ornan gekoop en hom met goud betaal, wat 600 sikkels geweeg het (1Kron. 21:25). Toe het hy verklaar: *"Dit is die huis van die HERE God, en dit is die brandofferaltaar vir Israel"* (1Kron. 22:1).

3000 jaar gelede het Dawid Jerusalem 33 jaar regeer en sy seun Salomo het Jerusalem vir 40 jaar regeer. Salomo het die tempel daar gebou in direkte opdrag van God. Hoofsaaklik gaan dit oor die verbondsark waarin die Woord van God was: ***"... en daar 'n plek ingerig vir die ark, waarin die verbond van die HERE is, met ons vaders gesluit toe Hy hulle uit Egipteland uitgelei het"*** (1Kon. 8:21). Volgens 1Konings 8 het die bonatuurlike heerlikheid sigbaar die tempel ná voltooiing gevul. Dit was die besluit van God om Jerusalem die hoofstad van Israel te maak. Geen hoofstad bestaan vandag nog in die wêreld wat so oud is soos Jerusalem nie.

Sedert die tyd van Abraham, Isak en Jakob, was die Israeliete die besondere eiendom van die HERE God. Hy het aan hulle die volgende beloftes vir hierdie tyd gegee: ***"En Ek sal julle uit die nasies gaan haal"***

en julle uit al die lande bymekaar laat kom, en Ek sal julle in jul land bring" (Esé. 36:24).

"Want die HERE sal Hom oor Jakob ontferm, en Hy sal Israel nog verkies en hulle in hul land laat vestig; en die vreemdeling sal hom by hulle voeg, en hulle sal hul aansluit by die huis van Jakob" (Jes. 14:1).

"Daarom, so sê die Here HERE: Nou sal Ek die lot van Jakob verander en My ontferm oor die hele huis van Israel en ywer vir my heilige Naam ... As Ek hulle terugbring uit die volke en hulle versamel uit die lande van hulle vyande, sal Ek My in hulle as die heilige laat ken voor die oë van baie nasies" (Esé. 39: 25+27).

In Lukas 21:24 sê die HERE: ***"... en Jerusalem sal vertrap word deur die nasies totdat die tye van die nasies vervul is"***. Die tyd het naby gekom, alles kom nou tot vervulling.

Jesaja het geprofeteer: ***"En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die Here vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom. En baie volke sal heengaan en sê: Kom, laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem"*** (Jes. 2: 2+3).

"En die HERE sal besit neem van Juda as sy erfdeel op die heilige grond en Jerusalem weer verkies" (Sag. 2:12). Amen.

"Wees bly saam met Jerusalem en juig oor haar, almal wat haar liefhet! Wees vrolik saam met haar, baie vrolik, almal wat oor haar treurig gewees het" (Jes. 66:10).

Aan die begin van die koninklike heerskappy van die HERE God sal Hy Sy voete op die Olyfberg plaas, ***"En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant ..."*** (Sag. 14:4). Dan sal die vier-en-twintig ouderlinge God met dié woorde aanbid: ***"Ons dank U, HERE God, Almagtige, wat is en wat was en wat kom, dat U u groot mag aangeneem en as koning geheers het"*** (Openb. 11:17).

Teen die einde van die Eerste Wêreldoorlog, in Desember 1917, het die Britse bevelvoerder Allenby die stad Jerusalem beset, wat 400 jaar lank onder die Ottomaanse bewind was. Die hele gebied – bekend as Transjordanië – was toe tot 1948 onder Britse administrasie. Daar was nooit 'n Palestynse staat nie.

Op 14 Mei 1948 het Ben Gurion die staat Israel aangekondig. Tot en met 1979 het alle etniese groepe daar vreedsaam saam gewoon. Eers toe Ayatollah Khomeini die Shah van Persië, wat 'n vriend van Israel was, omver gewerp het, het hy die vyandigheid van Iran teenoor die Israeli's verklaar. Tot die uitbreek van die tweede Intifada in die jaar 2000 kon ons selfs reis na die Gazastrook met ons reisgroepe. Ongelukkig is dit vandag nie meer moontlik nie.

Met die "basiese Wet van Jerusalem as Hoofstad" in 1980, het die Israëliese parlement, die Knesset, verklaar dat Jerusalem die ewige, onverdeelbare hoofstad van Israel is. Op 2 Januarie 2018 het die Knesset die ou 1980-ooreenkoms gewysig en die "Wet op 'n Verenigde Jerusalem" deurgevoer. Dit verklaar dat enige besluit oor die status van Jerusalem slegs deur 'n twee-derde meerderheid van die Knesset geneem kan word.

'n Nuwe era het begin: **Jerusalem het nou duidelik 'n swaar klip geword.** Na aanleiding van die Amerikaanse president, Donald Trump, se verklaring, het die Israëliese premier, Benjamin Netanyahu, die Europese Unie op 11 Desember 2017 in Brüssels besoek, 'n kort verklaring gemaak en was met minagting verneder. Die hoof van die buitelandse beleid van die Europese Unie, Federica Mogherini doen toe 'n beroep op die terugtrekking van die Trump-verklaring. Klaarblyklik word die wêreldmag "Verenigde State van Amerika" vervang deur die "Verenigde State van Europa". Daar is aspirasies binne die Europese Unie, wie se geboortesertifikaat die "Verdrag van Rome" is, om dit teen 2025 te bereik. Volgens bybelse profesie sal dit die vierde groot ryk wees, die laaste wêreldmag, soos die profeet Daniël vooruit gesien het.

Teen Mei 2018 sal 70 jaar verloop het sedert die stigting van die staat Israel. Die land het 850,000 inwoners gehad ten tyde van die stigting van die staat, maar tien jaar later was daar al meer as twee keer soveel. In 1990 was die bevolking 4,500,000. Vandag is dit sowat 8,7 miljoen.

Die vredesproses sal sy gang gaan, om die volgende te vervul: *"Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid — dan oorval 'n skielike verderf hulle, soos die barensnood 'n swanger vrou en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie"* (1Thes. 5:3).

Maar ook sal dit gebeur wat die profeet Joël geprofeteer het:

"Want kyk, in dié dae en in dié tyd wanneer Ek die lot van Juda en Jerusalem verander, sal Ek al die nasies versamel en hulle na die dal van Jósafat laat aftrek, om daar met hulle 'n strafgerig te hou ter wille van my volk en my erfdeel Israel, wat hulle onder die nasies verstrooi het, en my land wat hulle verdeel het" (Joël 3: 1-2).

Ons leef midde-in die vervulling van bybelse eindtyd-profesieë. Dit is jammer dat die Europese Unie se ministers van buitelandse sake en baie staatshoofde nie die besluit van God respekteer nie.

Ons is in groot afwagting en reken daarop dat die getroue HERE Sy werk van verlossing sal voltooi met die Gemeente vanuit die nasies en dat ons in die Wegraping weggevoer sal word, soos geskrywe is: "... Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die HERE tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die HERE wees" (1Thes. 4:17). Die tyd en die uur wanneer dit sal gebeur, weet niemand nie, dus moet ons gereed wees. Daarna sal Hy Sy werk met Israel onder die bediening van die twee profete (Openb. 11) tot afsluiting bring en Sy koninklike heerskappy, die duisendjarige koninkryk sal aanbreek. Amen.

"En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse HERE geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid". (Openb. 11:15).

Gelewer in opdrag van God.

Bro. Frank



Die foto wys die spesiale byeenkoms op Saterdag 16 September 2017 in Constanta, Roemenië, aan die Swart See.

Nie net die gelowiges was in die gehoor nie, maar ook mense wat vir die eerste keer 'n preek gehoor het. Onder die meer as honderd wat vir gebed uitgekom het, was 'n Islamitiese koerantverslaggewer en 'n man van die Ortodokse Kerk. Albei het Jesus as Verlosser aangeneem en is twee weke later in die Swart See bybels gedoop met al die ander nuwe bekeerlinge.


Ons dank die getroue [HERE](#) daarvoor.



Soos op die linkerkantse landkaart getoon, het Josua die beloofde land onder die 12 stamme volgens hoofstukke 13-20 versprei; twee en 'n half stamme was aan die oostekant van die Jordaan.

So het Esegjël dit ook weer in die millennium gesien in hoofstukke 47-48. In hoofstuk 47 het hy selfs die tempel gesien wat gebou sal word. In hoofstuk 48 vind ons die 12 stamme in hul erfenis.

Op die regterkantse landkaart sien ons wat politici van die Heilige Land gemaak het. Hulle verwyrs na Israel as die besettingsmag en die hartland van Israel as besette gebied. Dit sal nie so bly nie. In die duisendjarige Vrederyk sal die goddelike orde weer herstel wees in die Heilige Land.



Sou u belangstel om ons literatuur te ontvang, stuur gerus 'n epos aan:

(in Afrikaans of Engels): info@pretoriamission.co.za

Telefoon: +27-12-756-4504

(in Engels of Duits): volksmission@gmx.de

Telefoon: +49-2151/545151

U kan ook inskakel op die Internet vir ons maandelikse uitsending wat val op die eerste naweek van elke maand: op die Saterdag aand om 19h30 en die Sondag oggend om 10h00 (Sentraal-Europese Tyd). Hierdie uitsendings kan gevolg word in vyftien verskillende internasionale tale. Wees deel van God se Verlossingsplan, soos dit nou in vervulling is!

Ons is ook sigbaar op [youtube.com](https://www.youtube.com) onder

“Apostolic Prophetic Bible Ministry”

Internasionale tuisblad: <http://www.freie-volksmission.de>